# DIE UNIVERSITEIT MET DIE BYBEL.

**(by die 75-jarige bestaan van die Vrije Universiteit).**

---

Hierdie jaar word D.V. die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die Vrije Universiteit in Amsterdam feestelik herdenk, nie alleen deur die Direkteure, Kuratore, dosente en studente nie, maar ook deur al sy oud-studente, donateurs en ondersteuners sowel in Nederland as daarbuite, o.a. in Noord-Amerika en ook in Suid-Afrika.

Hierdie feesviering sal nie alleen die geleentheid bied om hulde te bring aan die stigter van die Vrije Universiteit, dr. Abraham Kuyper, wie se naam onafskeidelik verbind is met die V.U. nie maar ook aan daardie groot skare van manne en vroue wat die V.U. onder die seën van God, gedra het, en nog dra, en wat hom met liefde en toewyding omring het en nog omring.

Die Vrije Universiteit sal dan hierdie jaar die derde kwart van die eerste eeu van sy bestaan volgemaak het, en nou is vyf-en-sewentig jaar maar baie min teenoor die eerbiedwaardige leeftyd van sy susterinstellinge in Nederland, soos bv. Leiden, Utrecht, Groningen, en teenoor die grysheid van Parys, Oxford of Praag. En tog, by dit alles het die Vrije Universiteit 'n ewe lang historiese verlede, en het dit die universitêre historiese draad, altans in Nederland, nie afbreek nie, maar veeleer voortgewerk in die lyn van die geskiedenis en van die historiese tradisie. Die Universiteit van Leiden het aanvanklik, volgens die bedoeling van die oprigters, onvoorwaardelik gestaan in diens van God, en moes strek tot verheerliking van Sy naam. Die Utrechtse Akademie het as sinspreuk gekies: „Sol justitiae illustra nos". Die Universiteit van Groningen het sy strewe saamgevat in die woord van die psalmis: „Die Woord van God is 'n lamp vir die voet". Die Vrije Universiteit skrywe op sy banier: „Auxilium nostrum in nomine Dei". Hj het voortgeset wat Leiden, Groningen en Utrecht begin het, maar helaas verlaat het, toe die menslike rede tot die troon verhef is, en geloof en openbaring uit die beoefening van die wetenskap verban is en as kontrabande beskou is; toe die menslike

selfgenoegsaamheid hom met 'n rewolusionêre hartstog gekeer het teen elke outoritêre binding wat deur die goddelike woordopenbaring aan die menslike denke aangelê word.

Dit behoef dan ook geen verwondering te verwek nie, dat die stigter van die Vrije Universiteit en andere weer terug gegryp het na die kenbron van alle Waarheid, die Heilige Skrif, om sodoende die Waarheid volgens sy oorspronklike suiwerheid opnuut te bely en die Leuen te onthul. Om dit te kan doen moes die Calvinistiese volksdeel opnuut gereed gemaak, voorberei en toegerus word, om in 'n noodsaaklike isolement die wetenskap „in U lig" te beoefen. Op hierdie wyse het in Nederland in die kringe van die Calvinisme die Vrije Universiteit ontstaan en in die stryd tussen die Waarheid en die Leuen, tussen goed en kwaad, onder die leiding van die Heilige Gees, na die beste van sy wete kant gekies vir die volle Waarheid, en vir die beoefening van die Christelike wetenskap.

Die beoefening van die wetenskap is seker een van die ernstige aangeleenthede in die lewe van die mens en die mensheid, want hier word geworstel om die Waarheid. Die wetenskap word nie beoefen omdat die kennis op homself soveel bekoring sou besit nie. Ook is die beoefening van die wetenskap nie 'n spel, bedrewe vir vermaak nie, of om 'n skoonheidsverlange te bevredig, of om die verstand te skerp nie. Inteendeel, die beoefening van die wetenskap kom voort uit 'n diepgewortelde behoefte van die menslike gees om homself rekenskap te gee van sy eie en van ander se bestaan. Nogmaals: wetenskap is 'n worsteling om die Waarheid. En nou voer die Waarheid, in sowel as buite die menslike gees, 'n stryd op lewe en dood met die Leuen. In hierdie stryd gaan dit in die laaste instansie om Hom wat van Homself getuig: „Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe", en Satan, die Vader van die Leuen.

Hierdie stryd kan nie losgemaak word van die mens se lewens- en wêreldbeskouing, of losgemaak word van die geloof wat die mens het omtrent God, die wêreld en die eie persoon nie. Ja hierdie stryd woed in die wortel van die skepping tussen die Civitas Dei en die Civitas terrena. Die Christen is geroepe in die naam van hom aan wie alle mag gegee is in die hemel en op die aarde om deel te neem aan hierdie stryd met die inset van sy hele persoonlikheid en met alle kragte. En so is dan ten diepste die wetenskapsbeoefening religieus gefundeer. Die erkenning van hierdie feit het gelei tot die oprigting van die Vrije Universiteit.

Maar daarin lê dan ook die betekenis van die Vrije Universiteit vir die beoefening van die Christelike wetenskap. Hierdie betekenis moet veral daarin gesoek word dat die V.U. oor die hele linie by sy wetenskapsbeoefening die Skrif betrek. Na sy oordeel staan dit niemand vry om by watter veld van ondersoek ook al die Bybel buite beskouing te laat nie. Dit geld vir die V.U. as 'n uitgemaakte saak dat die Skrif by alle wetenskaplike ondersoek behoort mee te tel. Hy neem daar geen genoeë mee nie dat die wetenskaplike ondersoek dit maar in die midde kan laat of met die Skrif rekening gehou moet word, al dan nie.

Uit dit alles vloei vanselfsprekend voort dat die Skrif nie swyg oor die wetenskap, maar dat hy inteendeel beginsels bied vir die beoefening van die verskillende wetenskappe. Natuurlik is die Skrif nie 'n handboek vir die wysbegeerte of die ekonomie of die sosiologie of watter wetenskap ook al nie. Dit wil egter nie sê dat die wysbegeerte of die ekonomie of die sosiologie, ens. nou geheel en al aan hulle self oorgelaat word nie. Genesis I laat alle spekulasie en bedenksels van geleerdes in duie stort wanneer dit verklaar dat dit God is en niemand anders nie wat die hemel en die aarde geskep het. Genesis I trek duidelike grense: daar is 'n plante- en dierewêreld, daar is 'n mensewêreld. Genesis I onthul ons die wese van die mens: hy is geskape na Gods beeld en gelykenis as kroon en konsentrasiepunt van die ganse skepping. As sodanig is die mens gees, siel, hart, wat op die liggaam as sy verskyning aangelê is, en daardeur aan die aarde, aan die tydelike lewe, en aan sy medemens gebind. Maar tegelyk is die mens meer as dit: die mens gaan nie in hierdie tydelike lewe op nie, maar besit ewigheidswaarde, is bestem vir die ewigheid.

Dit behoef geen betoog dat o.a. die wysbegeerte, die antropologie die mediese wetenskap hierdie gegewens nie mag veronagsaam nie. Die Bybel laat ons sien hoe die ewige saligheid die tydelike gewin ver te bowe gaan, hoe die mens slegs rentmeester is van sy goed, hoe die geskrei van die werkliede opklim tot die Here Sebaot, gegewens wat die ekonomiese en sosiale wetenskappe nie mag verwaarloos nie. Die Heilige Skrif keer hom teen die gedagte van 'n aardse en nogtans ewige ryk, en veroordeel daarmee alle totalitêre tendense van alle tye. Die Bybel keur alle opvattinge af wat die menslike verhoudinge in die huwelik, die huisgesin, die staat, ja in die hele menslike samelewing wil omkeer, en veroordeel daarmee alle rewolusionêre en antinormatiewe optrede. Die Bybel veroordeel 'n wysbegeerte waarin die mens aan die kosmos die wette wil stel, asof

daar geen God bestaan wat sy wette en norme gegee het vir die skepping nie, of waarin die mens die kenbaarheid onverskillig van watter ding ook al ontken, of waarin die mens 'n noodlot tot die troon verhef.

Alleen wanneer die mens God erken uit sy Woordopenbaring vervul die mens sy taak in hierdie wêreld op die regte wyse, en met die visie van die Bybel in die hart word die waarde van die arbeid verhoog. Alleen wanneer na Hom gevra word, en voor Hom gebuig word, kom die wetenskaplike arbeid tot die rykste lewensvervulling en geluk dit die man van wetenskap om sy arbeid tot die volle hoogte op te voer en die Waarheid te ken in sy volle glorie en luister. Maar so ontvang die wetenskap, danksy die visie wat die Bybel gee op God, die wêreld en die lewe die ware wyding aan Sy diens.

Maar ook weet die beoefenaar van die wetenskap dat op Golgota die magstryd tussen die Waarheid en die Leuen besleg is en dat die oorwinning van die koninkryk van God seker is. Die eindbeslissing is seker en dit skenk aan die Christelike beoefenaar van die wetenskap, temidde van alle dwaling, die rus van die oorwinnaar.

En so is vir die Vrije Universiteit alles daaraan geleë dat die man van wetenskap by al sy wetenskaplike arbeid as 'n Christen te werk gaan en by die Bybel lewe. Maar die bedoeling van die Vrije Universiteit strek nog verder as die lewenshouding van die beoefenaar van die wetenskap. Die Vrije Universiteit ag dit noodsaaklik dat veral in daardie wetenskappe waarin die mens as religieuse wese 'n dominerende plek inneem, die Bybel hom nie onbetuig moet laat nie. Die Bybel bevat 'n skat van gegewens wat lig werp op hierdie velde van ondersoek, gegewens wat sistematies in daardie wetenskappe verwerk moet word. Na die oortuiging van die V.U. is dit roeping en skuldige plig om aan wat die Bybel openbaar in die wetenskappe 'n groot plek in te ruim en volle reg te laat wedervaar. Dit is die geheim van sy geboorte en sy bestaansgrond. Dit is vir die Vrije Universiteit die hoogste eer om te wees: Die Universiteit met die Bybel.

Laat ons by hierdie feesgety afsluit met die aloue akademiese seënwens wat alle universiteite van alle tye saam verbind het en nog saambind: Vivat, crescat, floreat Universitas Libera Reformata!

D. C. S. DU PREEZ
(Oud-student V.U.)